Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN DIE EERSTE VERGADERING VAN DIE VIERDE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY STADSAAL OP DONDERDAG, 11 AUGUSTUS 2016 OM 10:00

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Bekebu, Z (ANC)
Bess, D G (DA)
Daniels, C (DA)
De Beer, J M (DA)
Fortuin, D B (DA)
Goliath, M S I (DA)
Humphreys, F S (ANC)
Maart, E S M (DA)
McQuire, V D (DA)
Mfutwana, L E (EFF)
Papers, C H (DA)
Penxa, B J (ANC)
Philander, D B (ANC)
Rangasamy, M A (DA)
Smit, N (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Solomons, P E (DA)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Essen, T (DA)
Van Zyl, M (DA)
Zatu, N S (ANC)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING EN VERWELKOMING

Vader Kazitu van die Rooms Katolieke Kerk, Malmesbury open die vergadering met skriflesing en gebed op versoek van mnr J J Scholtz wat in sy hoedanigheid as Munisipale Bestuurder ingevolge artikels 29(2) en 36(3) van die Munisipale Strukturewet (Wet 117 van 1998) as voorsitter optree totdat die verkiesing van Speaker afgehandel is.

'n Spesiale woord van verwelkoming word deur die Munisipale Bestuurder gerig tot raadslede, kollegas, lede van die Onafhanklike Verkiesingskommissie, Provinsiale amptenare, die publiek en die media.

2. KONSTITUERING VAN VERGADERING

2.1 INSTELLINGSKENNISGEWING: SOORT MUNISIPALITEIT EN VOORSIENING VIR VOLTYDSE RAADSLEDE (1/1/1/5)

Die Munisipale Bestuurder wys daarop dat sedert afkondiging in September 2000 deur middel van Provinsiale Koerant No. 5589 gedateer 22 September 2000 die Artikel 12 Instellingskennisgewing van die Munisipaliteit Swartland by vier geleenthede daarna gewysig is.

Ingevolge die vyfde (en jongste) wysiging, soos gesirkuleer met die sakelys, is Swartland Munisipaliteit met effek vanaf die munisipale verkiesings op 18 Mei 2011 twaalf (12) wyksraadslede en erf (11) proporsionele raadslede toegeken.

2.1/...

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

(a) Dat kennis geneem word dat ingevolge die Artikel 12 Instellingskennisgewing en wysigings Swartland Munisipaliteit –

(1) 'n kategorie B-munisipaliteit ingevolge artikel 155(1) van die Grondwet is en wat ingevolge artikel 1 van die Munisipale Strukturewet munisipale uitvoerende en wetgewende gesag in sy gebied deel met die Distriksmunisipaliteit;
(2) 'n munisipaliteit is met 'n burgemeestersuitvoerende stelsel wat met 'n wykdeelnemende stelsel gekombineer is;
(3) oor 23 raadslede beskik, waarvan 12 wyksraadslede en 11 proporsioneel verkose raadslede is;

(b) Dat verder kennis geneem word dat die volgende raadslede as voltydse raadslede aangewys mag word –

(1) die uitvoerende burgemeester;
(2) lede van die burgemeesterskomitee, en
(3) die speaker.

2.2 BEKENDSTELLING VAN RAADSLEDE: UITSLAG VAN ONAFHANKLIKE VERKIESINGSKOMMISSIE (17/17/3/2/7)

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat raadslede teenwoordig deur die Onafhanklike Verkiesingskommissie by wyse van Kennisgewing No. 483 in die Staatskoerant No. 40198 gedateer 10 Augustus 2016 as verkose verklaar is.

Die Munisipale Bestuurder verklaar die vergadering behoorlik gekonstitueer en geopen, en gee geleentheid vir raadslede om hulself voor te stel.

3. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen, die Raad is voltallig.

4. AFLEGGING VAN EED DEUR LEDE VAN SWARTLAND RAAD (3/1/1)

Die Munisipale Bestuurder versoek elke raadslid om mondeling die eed van getrouheid af te lê en te onderteken.

5. KENNISGEWING EN MEDEDELINGS: MUNISIPALE BESTUURDER (3/1/1)

5.1 GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE: BYLAE 1 VAN DIE STELSELSWET (3/1/1)

Die Munisipale Bestuurder versoek dat raadslede hulself vergewis van die inhoud van die Gedragskode vir Raadslede ingevolge Bylae 1 van die Stelselswet (Wet 32 van 2000) en wys raadslede spesifiek op artikels 11, 12 en 12A.

5.2 INDUKSIESESSIE VIR RAADSLEDE (3/1/1)

Die Munisipale Bestuurder versoek raadslede om die volgende datums aan te teken vir bywoning van induksiesessies:

- 12 Augustus : Bekendstelling van raadslede aan personeel
- 15 tot 16 Augustus : *Resillience Training*
- 5 tot 9 September : Induksie-opleiding deur SALGA

6. VERKIESING VAN SPEAKER EN OORHANDIGING VAN VOORSITTERSTOEL AAN DIE SPEAKER (3/1/1)

Die prosedure wat geld vir die verkiesing van Speaker word deur die Munisipale Bestuurder toegelig met verwysing na artikels 36 tot 41, asook Bylae 3 van die Munisipale Strukturewet (Wet 117 van 1998).

Rdl M A Rangasamy van die DA en rdl N S Zatu van die ANC word hierna onderskeidelik deur rdh T van Essen en rdh M S I Goliath en rdle D B Philander en A M Sneewe as kandidate vir die amp van Speaker genomineer op die voorgeskrewe vorms vir hierdie doel.

Die Munisipale Bestuurder verduidelik die stemproses en beklemtoon dat elke raadslid sy/haar stem in geheim moet uitbring.

Op versoek van die Munisipale Bestuurder word rdl C B Fortuin (DA), rdl D B Philander (ANC) en rdl L E Mfutwana (EFF) as telbeamptes aangewys.

Tydens geslote stemming word stemme vir die amp van Speaker uitgebring soos volg:

- rdl M A Rangasamy – 16 (sestien) stemme;
- rdl N S Zatu – 5 (vyf) stemme;
- 2 (twee) bedorwe stembriewe word aangeteken.

Rdl M A RANGASAMY word hierna deur die Munisipale Bestuurder as verkose verklaar as Speaker van Munisipaliteit Swartland, waarna hy die voorsitterstoel inneem.

7. SAKE VIR OORWEGING

7.1 ORDEREËLS (3/4/2/1)

7.1.1 VERORDENING VIR DIE HOU VAN VERGADERINGS VAN DIE RAAD VAN MUNISIPALITEIT SWARTLAND (3/4/2/1)

Die verordening vir die Hou van Vergaderings van die Raad van Munisipaliteit Swartland, soos vervat in Provinsiale Koerant 7501 van 2 Oktober 2015 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

(a) Dat die Raad kennis neem dat vergaderings van die Swartland Munisipale Raad en sy komitees deur die Verordening vir die Hou van Vergaderings van die Raad van Munisipaliteit Swartland soos afgekondig in Provinsiale Koerant No. 7501 gedateer 2 Oktober 2015, gereguleer word;

(b) Dat ‘n bedrag van R250,00 deur die Raad bepaal word as boete om regstreeks van raadslede se toelaes verhaal te word vir –

(1) die nie-bywoning (sonder verlof tot afwesigheid) van enige vergadering van die Raad of van enige staande of ad hoc-komiteevergaderings wat die raadslid veronderstel is om by te woon; of
(2) die versuim van ‘n raadslid om teenwoordig te bly by enige van die voormelde vergaderings.

7.1.2 ALGEMENE ORDEREËLS (3/4/2/1)

Algemene ordereëls, soos aangeheg tot die sakelys, is met verloop van tyd deur voormalige munisipale rade aanvaar ten einde orde op vergaderings te verseker.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

Dat die algemene ordereëls – soos uiteengesit in Bylae A tot die verslag – vir die nuwe Raad van krag sal bly.

7.2 UITOEFENING VAN KEUSE INSAKE (1) DIE AANWYSING VAN UITVOERENDE BURGEMEESTER, (2) DIE INSTELLING VAN WYKSKOMITEES EN (3) DIE AANWYSING VAN 'N UITVOERENDE ONDERBURGEMEESTER (3/1/1)

Die Munisipale Bestuurder noem dat alhoewel Munisipaliteit Swartland kragtens sy Artikel 12 Instellingskennisgewing in soort 'n munisipaliteit is met 'n burgemeestersuitvoerende-stelsel wat met 'n wyk deelnemende stelsel gekombineer is, dit die vertolking in terme van artikels 54, 55 en 72 van die Munisiaple Strukturewet (Wet 117 van 1998) is dat die Raad steeds sekere keuses moet uitoefen, soos voorgehou in 'n verslag voor die Raad.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D B Philander)

Dat die Raad goedkeuring verleen –

(1) ingevolge artikel 54 van die Strukturewet, dat 'n Uitvoerende Burgemeester aangewys word;
(2) ingevolge artikel 72 van die Strukturewet, dat wykskomitees ingestel word; en
(3) ingevolge artikel 55 van die Strukturewet, dat 'n Uitvoerende Onderburgemeester aangewys word.

7.3 VERKIESING VAN UITVOERENDE BURGEMEESTER EN UITVOERENDE ONDERBURGEMEESTER (3/1/1)

Die Speaker versoek die Munisipale Bestuurder om nominasies te vra vir die amp van Uitvoerende Burgemeester en word die volgende nominasies op die voorgeskrewe vorms vir hierdie doel ingedien –

(1) rdh T van Essen van die DA, genomineer deur rdh M S I Goliath en rdl M A Rangasamy; en
(2) rdl A M Sneewe van die ANC, genomineer deur rdle D B Philander en F S Humphreys.

Tydens geslote stemming waartydens rdle C B Fortuin (DA), D B Philander (ANC) en L E Mfutwana (EFF) as telbeamptes optree, word stemme vir die amp van Uitvoerende Burgemeester uitgebring soos volg:

- rdh T van Essen – 16 (sestien) stemme;
- rdl C M Cloete – 6 (ses) stemme; en
- 1 (een) bedorwe stembrief word aangeteken.

Rdh T VAN ESSEN word hierna deur die Speaker in die amp van Uitvoerende Burgemeester van Munisipaliteit Swartland as verkose verklaar.

Die Munisipale Bestuurder vra nominasies vir die amp van Uitvoerende Onderburgemeester en word die volgende nominasies op die voorgeskrewe vorms vir hierdie doel ingedien –

(1) rdh M S I Goliath van die DA, genomineer deur rdh T van Essen en rdl M A Rangasamy; en
(2) rdl F S Humphreys van die ANC, genomineer deur rdle D B Philander en A M Sneewe.

Tydens geslote stemming waartydens rdle C B Fortuin (DA), D B Philander (ANC) en L E Mfutwana (EFF) as telbeamptes optree, word stemme vir die amp van Uitvoerende Onderburgemeester uitgebring soos volg:

- rdh M S I Goliath – 16 (sestien) stemme;
- rdl F S Humphreys – 7 (sewe) stemme.

Rdh M S I GOLIATH word hierna deur die Speaker in die amp van Uitvoerende Onderburgemeester van Munisipaliteit Swartland as verkose verklaar.

7.4/...

7.4 TOESPRAAK DEUR NUUTVERKOSE UITVOERENDE BURGEMEESTER (10/1/1)

Die Speaker gee geleentheid aan Rdh T van Essen, as nuutverkose Uitvoerende Burgemeester, om 'n toespraak te lewer *(wat vir volledigheid as Aanhangsel A by hierdie notule aangeheg word)*.

7.5 AANWYS VAN VOLTYDSE RAADSLEDE (3/1/1) (5/10/1)

In terme van artikel 18(4) van die Munisipale Strukturewet (Wet 117 van 1998) het 'n munisipaliteit die bevoegdhed om raadslede wat deur die LUR vir plaaslike regering bepaal word as voltyds aan te wys.

Voormelde bepaling is gedoen ingevolge die Derde Wysiging van die Munisipaliteit se Instellingskennisgewing, soos gesirkuleer met die verslag.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

(a) Dat die Raad die volgende ampsbekleërs as voltydse raadslede aanwys:
- die Uitvoerende Burgemeester
- lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee (onderhewig aan item 8 van die Gedragskode vir Raadslede), Uitvoerende Onderburgemeester ingesluit;
- die Speaker;

(b) Dat die Uitvoerende Burgemeester, in oorlegpleging met die burgemeesters-komitee, riglyne sal neerlê oor wat van voltydse raadslede verwag word.

7.6 AANKONDIGING VAN BURGEMEESTERSKOMITEE (3/2/2)

Die Speaker gee geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester om die burgemeesterskomitee aan te kondig.

Rdh T van Essen noem dat dit 'n groot voorreg is om die name van die vier lede wat homself en die Uitvoerende Onderburgemeester op die burgemeesterskomitee sal bystaan, bekend te maak synde –

- **rdl P E SOLOMONS;**
- **rdl O M STEMELE;**
- **rdl M VAN ZYL;**
- **rdl R F VAN DER WESTHUIZEN.**

7.7 AANWYS VAN RAADSLID OM IN DIE AFWESIGHEID VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER EN -ONDERBURGEMEESTER WAAR TE NEEM (3/1/1)

Artikel 56(7) van die Strukturewet, 1998 bepaal dat die Raad ‘n raadslid moet aanwys om as uitvoerende burgemeester waar te neem wanneer sowel die uitvoerende burgemeester en uitvoerende onderburgemeester afwesig of nie beskikbaar is nie.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen)

(a) Dat in die afwesigheid van die Uitvoerende Burgemeester, of wanneer hy/sy nie beskikbaar is nie, die Uitvoerende Onderburgemeester aangewys word om as Uitvoerende Burgemeester waar te neem;

(b) Dat in die afwesigheid van sowel die Uitvoerende Burgemeester en Uitvoerende Onderburgemeester of indien geeneen van hulle beskikbaar is nie, rdl O M Stemele aangewys word om as Uitvoerende Burgemeester waar te neem.

7.8/...

7.8 AANWYS VAN VERTEENWOORDIGERS OP DIE WESKUS DISTRIKS-MUNISIPALITEIT (3/3/1/1)

Die Speaker versoek die Munisipale Bestuurder om voort te gaan om die item te hanteer, bygestaan deur me K Arendse van die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK).

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat hy hierdie aangeleentheid as voorsitter van die vergadering hanteer uit hoofde van die feit dat hy die *Municipal Electoral Officer* (MEO) vir die Swartland is.

Die MEO verduidelik die inhoud van die verslag, met inbegrip van die bepaling van die kwota, en bevestig dat Munisipaliteit Swartland vier (4) lede ingevolge Provinsiale Kennisgewing 109/2016 gedateer 8 April 2016 na die Weskus Distriksmunisipaliteit mag aanwys.

Die MEO gaan voort om nominasies te vra.

Na ontvangs van die nominasies verklaar die MEO die nominasieproses as gesluit. Die MEO bevestig dat hy nominasies ontvang het van die –

- ANC; en
- DA, en bevestig hy verder dat die genomineerde kandidate hul nominasie dienooreenkomstig aanvaar het. Die nominasies ontvang word op die blaaibord aangebring.

Die MEO versoek me K Arendse van die OVK om aan almal teenwoordig aan te toon dat die stembus leeg is, waarna elke raadslid van ‘n stembrief voorsien word. Die stem word in geheim deur die raadslede uitgebring en word die stembrief in die stembus geplaas.

Die MEO versoek me K Arendse om die stembus op te neem en oop te maak en versoek rdle C B Fortuin, D B Philander en L E Mfutwana om met die tel van die stemme as waarnemers teenwoordig te wees. Die uitslag van die stemming soos volg

- ANC = 8 (agt);
- DA = 15 (vyftien) word deur die MEO op die blaaibord aangebring.

gebaseer op die toepassing van die kwota, synde 23 ÷ 4 = 5,75 + 1 (met weglating van die fraksies) word die volgende resultaat gelewer:

- ANC = 1 (een);
- DA = 3 (drie), waarna die resultaat op die voorgeskrewe OVK resultaatvorm voltooi word.

BESLUIT

(a) Dat daar kennis geneem word van die nominasieproses wat onder voorsitterskap van die MEO volvoer is en dat die verkiesing die volgende uitslag opgelewer het, na toepassing van die kwota, naamlik –

- 1 (een) verteenwoordiger van die ANC; en
- 3 (drie) verteenwoordigers van die DA;

(b) Dat daar kennis geneem word dat die ANC een, synde rdl B Penxa en die DA drie, synde rdle B J Stanley, V D McQuire en N Smit, as verteenwoordigers na die Weskus Distriksmunisipaliteit afvaardig, onderhewig daaraan dat die uitslae aan die Onafhanklike Verkiesingskommissie voorsien word om die nodige afkondiging en bevestiging te doen.

7.9 ARTIKEL 53 ROLUITKLARING EN VERANTWOORDELIKHEDE (3/B)

Die voorsitterstoel word weer deur die Speaker ingeneem.

'n Munisipaliteit/...

7.9/...

'n Munisipaliteit moet binne die raamwerk van en ooreenkomstig die besondere bepalings van die Munisipale Strukturewet, die Stelselswet en ander toepaslike wetgewing, die bepaalde rol en verantwoordelikheidsgebiede van elke politieke struktuur en politieke ampsbekleër en van die Munisipale Bestuurder omskryf.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

(a) Dat daar kennis geneem word van die poging om uitvoering te gee aan artikel 53 van die Stelselswet wat vereis dat ‘n munisipale raad ‘n verklaring van voorneme moet onderteken ten aansien van die onderskeie rolle en verantwoordelikhede van politieke ampsbekleërs en die administrasie;

(b) Dat raadslede versoek word om hulle van die inhoud van die dokument te vergewis;

(c) Dat die verklaring van voorneme as blyk van vereenselwiging met die stelsel van rolle en verantwoordelikheidsgebied van elke politieke struktuur en politieke ampsbekleër en die munisipale bestuurder na afloop van die vergadering onderteken word;

(d) Dat kennis geneem word dat die artikel 53 dokument by die Raad se delegasieregister (soos behandel onder item 7.10) geïnkorporeer sal word.

7.10 AANNAME VAN ‘N STELSEL VAN DELEGASIES (2/5/2)

Artikel 59 van die Munisipale Stelselswet (Wet 32 van 2000) bepaal dat ‘n munisipale raad ‘n stelsel van delegasies moet ontwikkel wat administratiewe en operasionele doeltreffendheid sal optimaliseer en wat voorsiening maak vir voldoende wigte en teenwigte.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

(a) Dat die 4de Raad van Munisipaliteit Swartland die bestaande Register van Delegasies (gedateer 31 Mei 2011, soos hersien) vir doeleindes van administratiewe en operasionele doeltreffendheid aanvaar en bekragtig;

(b) Dat die Raad kennis neem dat hierdie stelsel van delegasies nie ‘n statiese dokument is nie, en dat die aanbring van wysigings/toevoegings ‘n deurlopende proses sal wees in oorlegpleging met die Raad, wat die prerogatief het om delegasies te mag herroep, te wysig of addisionele voorwaardes op te lê;

(c) Dat, tensy wetgewing spesifiek belet dat die Raad ‘n mag, bevoegdheid of funksie mag delegeer, alle magte, bevoegdhede en funksies wat nie in die stelsel van delegasies aangespreek word nie, geag word gedelegeer te wees aan die Uitvoerende Burgemeester, in oorlegpleging met sy/haar burgemeesterskomitee.

7.11 INSTELLING VAN KOMITEES/STRUKTURERING VAN RAAD (3/1/1)

Die Speaker gee geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen, om die DA se voorstelle vir die instelling van artikel 80 komitees en die aanwysing van lede op ander komitees, asook eksterne liggame aan die vergadering voor te hou.

Rdl D B Philander verneem waarom die MPAC-voorsitter nie uit opposisie-geledere is nie, aangesien dit 'n vereiste is. Rdl D B Philander teken verder beswaar aan dat die DA nie die wyksraadslid van Wyk 9, rdl B J Penxa betrek by die komitees wat Ilinge Lethu raak nie.

Die Munisipale/...

7.11/...

Die Munisipale Bestuurder verduidelik dat die bepaling in terme van die voorsitter van die MPAC nie 'n wetlike vereiste is nie.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

(a) Dat die Raad die volgende artikel 80 komitees instel:
(1) Munisipale Bestuur en Finansieskomitee;
(2) Siviele en Elektriese Dienste;
(3) Administrasie, Ontwikkelings- en Beskermingsdienste;

(b) Dat die bevoegdhede van die komitees soos uiteengesit in Bylaes B, C en D hersien word;

(c) Dat raadslede kennis neem dat –
(1) die vergadering van bg. komitees waar moontlik elke eerste Woensdag van elke maand sal plaasvind, onderhewig aan die vergaderingsdatums soos bepaal deur die Raad en die Speaker;
(2) die 1ste komitee (Munisipale Bestuur en Finansies) se vergadering om 10:00 'n aanvang sal neem, en elke komitee daarna sal vergader vyf minute na afloop van die vergadering van die vorige komitee;

(d) Dat die volgende raadslede tot die onderskeie komitees aangewys word, beperk tot 'n maksimum van dertien lede per komitee, in die hoedanighede en vanuit die partye soos aangetoon:

(1) <u>Munisipale Bestuur en Finansies:</u>

Voorsitter (DA): rdl M van Zyl
Ondervoorsitter (DA): rdl M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, ex officio
<u>Lede:</u>
DA: Uitvoerende Onderburgemeester, rdle C Daniels, J M de Beer, C B Fortuin, C H Papers, B J Stanley, O M Stemele, R F van der Westhuizen
rdl L E Mfutwana
twee raadslede van die ANC

(2) <u>Siviele en Elektriese Dienste:</u>

Voorsitter (DA): rdl R F van der Westhuizen
Ondervoorsitter (DA): rdl O M Stemele
Uitvoerende Burgemeester, ex officio
<u>Lede:</u>
DA: Uitvoerende Onderburgemeester, rdle D G Bess, E S M Maart, V D McQuire, C H Papers, N Smit, P E Solomons, B J Stanley
rdl L E Mfutwana
twee raadslede van die ANC

(3) <u>Administrasie, Ontwikkelings- en Beskermingsdienste:</u>

Voorsitter (DA): rdl P E Solomons
Ondervoorsitter (DA): rdl M van Zyl
Uitvoerende Burgemeester, ex officio
<u>Lede:</u>
DA: Uitvoerende Onderburgemeester, D G Bess, C Daniels, J M de Beer, C B Fortuin, E S M Maart, V D McQuire, N Smit
rdl L E Mfutwana
twee raadslede van die ANC

(d) Dat die volgende verteenwoordigers uit die geledere van die Raad tot die onderskeie komitees en/of eksterne liggame hieronder aangewys word, soos volg:

7.11(d)/...

(1) Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC)

Nota: Lede van die Administrasie- en Finansieskomitee (met uitsondering van alle raadslede in uitvoerende funksies) sal dien as die MPAC-komitee.

Rdl C B Fortuin (voorsitter)
Rdle C Daniels, J M de Beer, V D McQuire, C H Papers, B J Stanley
rdl L E Mfutwana
een raadslid van ANC

(2) Arbeidsverhoudingeforum: *(tov Arbeidsverhoudingeforum: drie raadslede saam met bestuurspan sal 'n kworum vorm)*
Uitvoerende Burgemeester
Uitvoerende Onderburgemeester
rdl M van Zyl (voorsitter)
rdl M A Rangasamy (sekunde vir enige lid)
rdl P E Solomons (sekunde vir enige lid)

(3) Aanstellingskomitee: *(tov Aanstellingskomitee: twee raadslede saam met een lid van bestuurspan sal 'n kworum vorm)*
Uitvoerende Burgemeester
Uitvoerende Onderburgemeester
rdl M van Zyl (voorsitter)
rdl M A Rangasamy (sekunde vir enige lid)
rdl P E Solomons (sekunde vir enige lid)

(4) Employment Equity Komitee:
Uitvoerende Burgemeester
Uitvoerende Onderburgemeester
rdl M van Zyl (voorsitter)
rdl M A Rangasamy (sekunde vir enige lid)
rdl P E Solomons (sekunde vir enige lid)

(5) Opleidingskomitee:
Uitvoerende Burgemeester
Uitvoerende Onderburgemeester
rdl M van Zyl (voorsitter)
rdl M A Rangasamy (sekunde vir enige lid)
rdl P E Solomons (sekunde vir enige lid)

(6) Keuringspaneel t.o.v. artikel 56 aanstellings:
Die Munisipale Bestuurder (voorsitter)
Portefeulje Voorsitter
Uitvoerende Burgemeester
Uitvoerende Onderburgemeester
Direkteur van óf Drakenstein, Stellenbosch óf Overstrand

(7) GOP/PIMM's Koördineringskomitee:
Uitvoerende Burgemeester
Uitvoerende Onderburgemeester

(8) Streek Toerisme-organisasie (STO):
rdl M van Zyl
rdl M A Rangasamy
rdl P E Solomons (sekunde vir enige lid)

(9) Stortingsterrein ouditkomitee: rdh T van Essen
rdl R F van der Westhuizen

(10) Rekenaarkomitee: rdh T van Essen

(11) Reëlskomitee: *(hoogstens agt (8) raadslede)*
Speaker (ex officio & Voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester
rdl M van Zyl (ondervoorsitter)
rdl P E Solomons

7.11(d) (Reëlskomitee, vervolg)/...
rdl O M Stemele
rdl L E Mfutwana
een lid van ANC

(12) Waterdienste Bestuurspan:
rdl R F van der Westhuizen
rdl O M Stemele
rdl B J Stanley (sekunde vir enige lid)

(13) Polisieforums:
(Nota: Geen raadslede word deur die raad na 'n polisiëringsforum afgevaardig. Elke raadslid is egter vry om as gemeenskapspersoon die polisiëringsforum by te woon.)

(14) Swartland Verkeer- en Wetstoepassingsdiens: Toesighoudingskomitee
(hoogstels dertien (13) raadslede)
rdl M van Zyl (voorsitter uit UBK belas met Beskermingsdienste)
rdl P E Solomons (ondervoorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester
rdl D Bess
rdl C Daniels
rdl J M de Beer
rdl C B Fortuin
rdl E S M Maart
rdl V D McQuire
rdl N Smit
rdl L E Mfutwana
twee raadslede van die ANC (lede van Beskermingsdienstekomitee)

(15) Beroepsveiligheidskomitee: rdl M van Zyl
rdl P E Solomons (sekunde)

(16) Rampbestuurskomitee: *(Vaste komitee aangevul met wyksraadslid waar ramp plaasgevind het)*
Uitvoerende Burgemeester
Uitvoerende Onderburgemeester
rdl M A Rangasamy
rdl R F van der Westhuizen
rdl M van Zyl
rdl P E Solomons

(17) Bate en Vlootbestuurskomitee:
rdl R F van der Westhuizen
rdl O M Stemele
rdl P E Solomons (sekunde vir enige lid)
rdl M van Zyl (sekunde vir enige lid)

(18) Ontwikkelingsdienstekomitee: *(hoogstens dertien (13) lede)*
rdl P E Solomons (voorsitter uit UBK belas met Ontwikkelingsdienste)
rdl M van Zyl (ondervoorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester
rdle D Bess, C Daniels, J M de Beer, C B Fortuin, E S M Maart, V D McQuire, N Smit
rdl L E Mfutwana
twee raadslede van ANC (lede van Ontwikkelingsdienstekomitee)

(19) Drankkomitee:
rdl M van Zyl (voorsitter)
rdl P E Solomons
rdl C Daniels

(20)/...

7.11(d)/...

(20) SSDF (Swartland Socal Development Forum): rdl P E Solomons
(Kinderontwikkelingsforum (waaronder dwelm- en alkohol misbruik) met dwelm-voorkoming as 'n fokusterrein) rdl M van Zyl

(21) DCF (District Co-ordinating Forum); Uitvoerende Burgemeesters
Uitvoerende Onderburgemeester (sekunde)

(22) Watermoniteringskomitee: Uitvoerende Burgemeester
Uitvoerende Onderburgemeester (sekunde)

(23) PCF (Provincial Co-ordinating Forum): Uitvoerende Burgemeester
Uitvoerende Onderburgemeester (sekunde)

(24) MinMay (Ministers, Mayors Forum): Uitvoerende Burgemeester
Uitvoerende Onderburgemeester (sekunde)

(25) Appèlkomitee (ingevolge artikel 62 van MSA):
(Aanhoor van appèlle teen 'n besluit van 'n politieke struktuur, 'n politieke ampsbekleër of 'n raadslid, soos na verwys in die Raad se Reëls en Prosedures vir Artikel 62-appèlle)
Speaker (Ex Officio & Voorsitter)
rdl M van Zyl (Ondervoorsitter)
rdl P E Solomons
rdl L E Mfutwana
twee raadslede van die ANC

(26) Appèlkomitee (ingevolge artikel 68 van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning)

Lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee

(27) Paneel Evalueringskomitee:
Uitvoerende Burgemeester
Voorsitter van die Eksterne Ouditkomitee
'n Lid van die Burgemeesterskomitee
Burgemeester of MB van 'n ander munisipaliteit
Lid van 'n wykskomitee soos deur die Uitvoerende Burgemeester genomineer

(28) Begrotingsbeheerkomitee:

RAADSLEDE	
Die Uitvoerende Burgemeester	Rdh T van Essen
Die raadslid wat as voorsitter dien op die Munisipale Bestuurder en Finansies Portefeuljekomitee	Rdl M van Zyl
Lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee verantwoordelik vir Administrasie en Finansies	Rdl M A Rangasamy Rdh M S I Goliath Rdl R F van der Westhuizen
Addisionele Raadslede	Rdl P E Solomons Rdl O M Stemele
AMPTENARE	
Die Munisipale Bestuurder	
Hoof Finansiële Beampte	
Senior bestuurders verantwoordelik vir ten minste die drie grootste begrotingsposte in die munisipaliteit	Alle direkteure
Bestuurder verantwoordelik vir begroting	
Bestuurder verantwoordelik vir beplanning (GOP)	
Tegniese kundiges op gebied van infrastruktuur	

7.11/...

(e) Dat die volgende raadslede en sekundes aangewys word as verteenwoordigers van die Raad op die onderskeie werksgroepe van SALGA, saam met die beamptes soos aangetoon, en dat SALGA dienooreenkomstig in kennis gestel word.
[Nota: 'n Skrywe is vanaf SALGA ontvang waarin kennis gegee word dat die werksgroepe moontlik na lg. se provinsiale en nasionale konferensie gewysig sal word.]

WERKSGROEP	RAADSLID	BEAMPTE
Economic Development, Planning & Spacial Planning & Environment	rdl M A Rangasamy Uitvoerende Burgemeester (sekunde)	Munisipale Bestuurder J Steenkamp (sekunde)
Governance & Inter-Governmental Relations & International Relations	Uitvoerende Burgemeester rdl M A Rangasamy (sekunde)	Munisipale Bestuurder M S Terblanche (sekunde)
Human Resource Development	rdl M van Zyl rdl P E Solomons (sekunde)	Munisipale Bestuurder M S Terblanche (sekunde)
Municipal Finance & Administration	rdl M A Rangasamy rd C B Fortuin (sekunde)	M A C Bolton C Gerber (sekunde)
Municipal Services & Infrastructure	rdl R F van der Westhuizen rdl O M Stemele (sekunde)	A Botha R du Toit (sekunde)
Social Development, Health & Safety	rdl P E Solomons rdh M S I Goliath (sekunde)	J Steenkamp H Balie (sekunde)

(f) Dat die Raad die aanwysing van lede tot ander sub-/ad hoc-komitees van die Raad of as verteenwoordigers op andere eksterne liggame as volg goedkeur:

	KOMITEE/LIGGAAM	VERTEENWOORDIGERS	SEKUNDE
1	Taxi-/Informele Handelaarskomitee	rdl R F van der Westhuizen rdl D G Bess rdl C Daniels rdl E S M Maart rdl C H Papers rdl V D McQuire rdl N Smit	n.v.t.
2	Darling Fokus	rdl M A Rangasamy	rdl E S M Maart
3	Nagskuiling	rdl P E Solomons	rdl R F van der Westhuizen
4	Sportkomitees	**SWARTLAND:** rdl R F van der Westhuizen **Malmesbury:** rdl J M de Beer **Moorreesburg:** rdl C H Papers **Ilinge Lethu** rdl O M Stemele **Darling/Yzerfontein:** rdl M A Rangasamy **Riebeek-Wes** rdl N Smit **Riebeek Kasteel:** rdl D G Bess **Moorreesburg/Koringberg:** rdl M van Zyl **Abbotsdale/Kalbaskraal** rdl V D McQuire **Chatsworth/Riverlands:** rdl B J Stanley	n.v.t.

	KOMITEE/LIGGAAM	VERTEENWOORDIGERS	SEKUNDE
5	Ilinge Lethu e.a. veeldoelige sentrums	rdl O M Stemele rdl P E Solomons rdh M S I Goliath	n.v.t.
6	Behuisingskomitee: Huurbehuising	rdh M S I Goliath rdl R F van der Westhuizen rdl C Daniels rdl J M de Beer	n.v.t.
7	Museumkomitees	**Malmesbury Museum:** rdl J M de Beer rdl R F van der Westhuizen **Koringbedryf Museum, Moorreesburg:** rdl C H Papers rdl M van Zyl **Darling Museum:** rdl M A Rangasamy **Oude Kerk, Riebeek Kasteel:** rdl D G Bess	n.v.t.
8	Swartland Bewaring Advieskomitee	rdl J M de Beer rdl M van Zyl	n.v.t.
9	Begrafnisondernemingsforum	rdl R F van der Westhuizen rdl D G Bess rdl C B Fortuin rdl E S M Maart rdl V D McQuire rdl C H Papers rdl N Smit	n.v.t.
10	EPWP	rdl R F van der Westhuizen	rdl O M Stemele
11	Weskus Gesondheidsraad	rdh M S I Goliath	
12	EDP Weskus Bestuurskomitee "Economic Development Partnership"	rdl M A Rangasamy	rdl O M Stemele

(g) Dat die sekundes van die bg. ses SALGA werksgroepe deur die Uitvoerende Burgemeester aangewys word uit die geledere van die uitvoerende burgemeesterskomitee, met dien verstande dat die Uitvoerende Burgemeester die sekundes sal kan wysig indien die aangewese raadslede nie beskikbaar is nie;

(h) Dat kennis geneem word dat, ingevolge artikel 166(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 die voormalige Raad reeds die lede van sy gekombineerde finansiële-, risiko- en prestasie ouditkomitee aangewys het, welke komitee reeds operasioneel is en die lede soos volg daaruit sien:

Me M Roos / Me L Waring / Mnr A B Theron;

(i) Dat verder kennis geneem word dat, ingevolge artikel 35 van die *Spatial Planning and Land Use Management Act, Act 16 of 2013* (SPLUMA) die voormalige Raad reeds die lede van die Munisipale Beplanningstribunaal aangewys het, welke komitee reeds operasioneel is en die lede soos volg daaruit sien:

Mnr C Rabie / Mnr W Steyn
Mnr W de Kock (in afwesigheid van enige van die voormelde twee lede)
Die Munisipale Bestuurder
Die Direkteur: Korporatiewe Dienste
Die Direkteur: Beskermingsdienste

7.12 GOEDKEURING VAN DIE KONSEP REËLS EN PROSEDURES VIR WYKSKOMITEES EN DIE VOORLOPIGE PROSESPLAN VIR DIE VERKIESING VAN NUWE WYKSKOMITEES (3/4/4B)

Die hersiening van die Reëls en Prosedures vir Wykskomitees deur die voormalige raad en wykskomitees het voortgespruit uit leemtes wat gedurende die afgelope termyn van wykskomitees ervaar is.

Tydens die hersiening is daar veral gefokus op die samestelling van wykskomitees en was daar besluit om die wykskomitees op grond van geografiese verteenwoordiging saam te stel.

Die Reëls en Prosedures vir Wykskomitees, met gepaardgaande aanhangsels, is apart tot die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

A: **Ten opsigte van die goedkeuring van die konsep Reëls en Prosedures vir Wykskomitees**

Dat die hersiende Reëls en Prosedures vir Wykskomitees aanvaar word.

B: **Ten opsigte van die vergoeding van wykskomiteelede**

(a) Dat daar volstaan word met die betaling van 'n sittingsfooi van R200/vergadering en R2.50/km indien daar verder as 10km na vergadering gereis word;

(b) Dat daar verder volstaan word met die betaling van 'n addisionele sittingsfooi van R100/vergadering en R2.50/km indien daar verder as 10km na vergadering gereis word vir die bywoning van sektorale vergaderings en/of vergaderings gereël in die geografiese gebied wat die betrokke wykskomiteelid verteenwoordig, onderhewig aan die voorlegging van die nodige bewyse;

C: **Ten opsigte van die voorlopige prosesplan vir die verkiesing van nuwe wykskomiteelede**

(a) Dat kennis geneem word dat die Reëls en Prosedures vir Wykskomitees bepaal dat die verkiesing van wykskomitees moet geskied binne 120 dae na ’n besluit van die Raad ingevolge artikel 72 van die Stelselswet om wykskomitees in te stel (sien item 7.2 van die sakelys);

(b) Dat volmag ingevolge die Reëls en Prosedures vir Wykskomitees aan die Munisipale Bestuurder verleen word om ’n buitengewone openbare vergadering te belê vir die uitsluitlike doel om wykskomiteelede te verkies;

(c) Dat kennis geneem word van die voorlopige tydsraamwerk vir die verkiesing van nuwe wykskomiteelede en dat dit aangepas en uitgevoer sal word soos wat betrokke datums gefinaliseer word.

7.13 RAADSLIDVERGOEDING: 2015/2016 FINANSIëLE JAAR (5/10/1 MY)

Die verhoging in salarisse, toelaes en voordele van raadslede ingevolge Staatskoerant No. 39548 van 21 Desember 2015 (soos gesirkuleer met die sakelys) is deur die voormalige raad in Januarie 2016 goedgekeur, waarna die LUR vir plaaslike regering goedkeuring verleen het vir implementering.

7.13/...

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die inhoud van die onderskeie dokumente aangeheg tot die verslag met betrekking tot die vergoeding van raadslede.

7.14 FINALE (4DE) HERSIENING VAN DIE 2012-2017 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) (2016/2017 JAARPLAN) (2/1/4/4/1)

Die finale (4de) hersiening van die 2012-2017 GOP is deur die voormalige munisipale Raad goedgekeur om binne die statutêre raamwerk beslag te kan gee aan die GOP en begroting vir 2016/2017, en is met die sakelys voorgelê vir kennisname.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die finale (4de) hersiening van die 2007-2012 GOP vir Swartland soos opgestel in terme van artikel 34(a)(i) van die Wet op Munisipale Stelsels (Wet 32 van 2000);

(b) Dat kennis geneem word dat die wyksplanne vir die onderskeie wyke deel vorm van die GOP Jaarplan.

7.15 2017-2022 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) : PROSESPLAN

Die nuutverkose Raad is verantwoordelik vir die opstel van 'n nuwe vyf jaar strategiese plan, met ander woorde die GOP vir 2017-2022, wat goedgekeur moet word voor die einde van Mei 2017.

Ingevolge artikel 28 van die Munisipale Stelselswet (Wet 32 van 2000) moet elke munisipale raad 'n proses aanneem wat skriftelik uiteengesit is om die beplanning, opstel, aanneem en hersiening van die GOP te rig.

Die publieke deelname ten opsigte van hierdie Prosesplan het reeds op 14 en 15 Junie 2016 begin met 'n advertensie in die plaaslike koerante vir insette en kommentaar. Die proses loop tot 19 Augustus 2016 waarna die konsep Prosesplan aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en daarna aan die Raad op 31 Augustus 2016 voorgelê sal word.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

(a) Dat die proses wat op 14 en 15 Junie 2016 deur die vorige Raad begin is om insette en kommentaar van die plaaslike gemeenskap op die konsep Prosesplan te verkry deur die nuutverkose Raad aanvaar en onderskryf word; en

(b) dat die konsep GOP Prosesplan op 24 Augustus 2016 vir oorweging aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en op 31 Augustus 2016 vir finale goedkeuring aan die Raad voorgelê word.

7.16 MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTING VIR 2016/2017, 2017/2018 EN 2019/2020 (5/1/1/1, 5/1/1/2, 5/1/4)

Die verslag tot die sakelys bevat die besluit wat deur die voormalige munisipale raad op 26 Mei 2016 geneem is ter goedkeuring van die meerjarige begroting. 'n Volledige stel begrotingsdokumente is aan nuwe raadslede gesirkuleer.

BESLUIT

Dat daar kennis geneem word van die finale besluit betreffende die goedkeuring van die meerjarige kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2016/2017, 2017/2018 en 2018/2019, sowel as van die inhoud van die begrotingsdokumente.

7.17 GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE: VERKLARING VAN BELANGE (3/1/1 MY)

Ingevolge item 7 van die Gedragskode vir Raadslede moet raadslede binne 60 dae na hul verkiesing, asook jaarliks daarna, hul finansiële belange op skrif verklaar, asook geskenke wat in waarde die bedrag van R1 000,00 oorskry.

BESLUIT

(a) Dat raadslede kennis neem van die bepalings ingevolge item 5 van Bylae 1 van die Munisipale Stelselswet;

(b) Dat raadslede kennis neem dat die aard of detail van die finansiële belange van ‘n raadslid soos na verwys in Item 7 van die Gedragskode vir Raadslede, **jaarliks op skrif aan die Munisipale Bestuurder verklaar moet word**, ingesluit geskenke wat deur ‘n raadslid ontvang word en wat in waarde R1 000,00 oorskry;

(c) Dat kennis geneem word dat die verklaring soos na verwys in paragraaf (b), teen nie later nie as 7 September 2016 by die Direkteur: Korporatiewe Dienste ingedien moet word.

7.18 DATUMS/FREKWENSIE VAN TOEKOMSTIGE RAADSVERGADERINGS (3/4/2/1)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die vergaderingsprogram en tye vir vergaderings vir die tweede semester van 2016, soos aangeheg by die sakelys.

8. ALGEMEEN

Die Speaker versoek, dat in die vervolg wanneer 'n raadslid die lokaal verlaat, die Speaker daarin geken word.

GETEKEN:
SPEAKER